

**Deur Letitia Watson**
Stuur voorstelle en versoeke na geldsake @huisgenoot.com. E-posse sal sover moontlik in die rubriek beantwoord word en nie persoonlik nie.

# Bates en polisse

## Om seker te maak almal kry wat jy wil hê hulle moet kry wanneer jy sterf, verg deeglike beplanning en voorsorg

FRANCOIS krap kop oor sy testament. Hy wil weet of sy uittree-annuïteit (UA), wat nou R650 000 werd is, in gelyke dele as erfporsie vir sy twee volwasse kinders verdeel kan word. Hy wil ook seker maak dat sy vrou sy huis van R1 miljoen en 'n lewenspolis van R2 miljoen kry.

Maar hy skuld nog R500 000 op die huis en sy kinders is nog die begunstigdes van die lewenspolis. Laastens wil hy weet wat sal gebeur as hy nie 'n eksekuteur in sy testament benoem nie.

Geldsake het Louis van Vuren* van die Fidusière Instituut van Suid-Afrika se raad hieroor gevra.

### UA's en testamente

Dit is nie 'n uitgemaakte saak dat Francois se kinders die opbrengs uit die UA gaan kry wanneer hy sterf nie, selfs al laat hy dit vir hulle in die testament na en benoem hy hulle as sy begunstigdes.

Die rede hiervoor is dat UA's volgens die Wet op Pensioenfondse nie as deel van 'n bestorwe boedel deur jou eksekuteur beredder word nie. Die trustees van die UA-fonds besluit hoe om die voordele tussen afhanklikes en begunstigdes te verdeel.

Afhanklikes is enigiemand vir wie se onderhoud die oorledene aanspreeklik was (of sou word as hy nie gesterf het nie), sy vrou of minderjarige kinders, of iemand wat hy onderhou het, soos sy skoonma wat by hulle gebly het.




KOBUS GALLOWAY

As Francois wil hê sy kinders moet deel in die UA-opbrengs, moet hy hulle as begunstigdes van die UA-polis laat benoem.

Dit behels dat hy die versekeraar by wie hy die polis uitgeneem het, skriftelik so 'n opdrag gee. Maar hy moet in gedagte hou dat die trustees kan besluit om dit tussen hulle en sy vrou te verdeel.

### Lewenspolis

Sy kinders is reeds begunstigdes op die lewenspolis. As dit nie verander word nie, sal die versekeraar by sy dood die opbrengs regstreeks aan hulle uitbetaal, want die benoeming van 'n begunstigde is 'n ooreenkoms tussen die poliseienaar (Francois) en die versekeraar.

As hy wil seker maak sy vrou ontvang die geld, sal hy die versekeraar soos met die UA skriftelik moet opdrag gee om die begunstigde te verander. 'n Blote bepaling in sy testament gaan waarskynlik nie genoeg wees nie, want die eksekuteur sal dan gewoonlik geen gronde hê om dit van die versekeraar te eis nie.

### Huis en haard

Francois kan soos dit sy wens is die huis aan sy vrou bemaak.

Louis waarsku die laste (soos die verbandskuld van R500 000 en ander koste) moet eers uit die boedel betaal word. Tensy Francois ander bates het wat hy nie hier noem nie, sal daar dan 'n tekort aan kontant in die boedel wees as die polisopbrengs na sy kinders gaan.

Die huis is wel R1 miljoen werd, maar dis geen kontantbate nie. Boonop moet ander uitgawes soos die eksekuteur se vergoeding uit die boedel betaal word as 'n las teen die boedel.

Die Boedelwet beperk hierdie vergoeding tot 3,5 persent van die bruto waarde van die boedel, maar voeg BTW van 14 persent hierby en hierdie koste styg tot 3,99 persent van die boedel se bruto waarde.

**WENK**
**Sorg dat daar genoeg bates in jou boedel is sodat jou erfgename nie 'n skuldlas erf nie.**

Eksekuteurs is by magte om bates te verkoop sodat boedellaste betaal kan word as daar nie genoeg kontant is of die erfgename nie vrywillig hierdie laste oorneem of kontant daarvoor by die boedel inbetaal nie.

Francois se vrou sal dus óf moet geld bydra om die verband af te los óf die huis sal verkoop moet word om die boedellaste te betaal. As hy die kinders as begunstigdes van die lewenspolis kanselleer, sal dit waarskynlik nie vir haar nodig wees nie, want dan sal die lewenspolis in sy boedel beskikbaar wees om vir die laste te betaal.

As daar iets oorbly nadat die laste betaal is, sal dit as deel van die restant van die boedel na sy vrou gaan.

### Geen eksekuteur

As jy nie in jou testament 'n eksekuteur aanwys nie, kan die meester van die hooggeregshof ingevolge die Boedelwet ná jou dood 'n eksekuteur aanstel.

Die meester kan Francois se vrou of enige ander erfgename en die skuldeisers se insette vra oor wie om aan te stel, maar hy hoef nie. ■

* LOUIS VAN VUREN IS 'N FPSA®- EN 'N CFP®-GELISENSIEERDE.

> Die tragedie van die lewe is dat ons te gou oud en te laat wys word
>
> – DIE AMERIKAANSE STAATSMAN BENJAMIN FRANKLIN